

**Psalm 127 Bid dat God ons arbeid sal seën! Dinsdag 21 Apr 2020**  
**Jer 29:4-7; Neh 7:4.**

Geliefde kinders en ouers, broers en susters,  
Geen werk wat ek of jy op aarde verrig, met hoeveel moeite en swaarkry, het enige waarde as  
God se seën nie daarop rus nie. Dit is die kerngedagte van die Psalm. Die pelgrims sing  
hierdie lied in Jerusalem omdat hulle aan God al die eer wil gee vir hul veilige reis, vir hulle  
arbeid en werk en omdat hulle met God se seën alleen wil lewe.

Hierdie Psalm is heel waarskynlik deur Salomo geskryf wat beide die tempelbouer was en wat 'n pa was, asook 'n wyse koning. Dit kan ook wees dat die Psalm geskryf is n.a.v. die na-ballingskapsperiode deur Nehemia toe hulle Jerusalem en die tempel moes herbou. Die bevolking na ballingskap was min, daar was min huise, die stad was geruïneer, die tempel verwoes, die volk was in ellende. Ons lees in **Neh 7:4** "Die stad was uitgestrek en groot, met min mense daarin, en daar was nog nie genoeg huise gebou nie."

Die stad Jerusalem die min inwoners was omring deur vyande en daarom het hulle sterk poorte en mure en wagters nodig gehad om die stad te beskerm om te oorleef. Nem 4:9 ev en Neh 7:3

Hierdie Psalm handel oor dieselfde sake waavan ons in **Jer 29:4-7** lees: "4 So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge wat Ek uit Jerusalem in ballingskap na Babel toe weggevoer het: 5 Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, 6 trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie. 7 Bevorder die belang van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belang is ook julle belang."

Maar hierdie Psalm is vandag ook in hierdie tyd van inperking van uiterste belang vir ons. Want ook in hierdie tyd moet ons vier dinge vanuit die Psalm leer en onthou en toepas.

**1 Bou vers 1a** 'n Demolisiespan kan in 'n paar minute of ure 'n gebou afbreek wat ingenieurs en bouers jare geneem het om te bou. 'n Klein kindjie kan kosbare huisware binne oomblikke breek. Sommige volwassenes gaan deur die lewe en breek alles af, verhoudinge, materiele gawes. Maar God vra ons om te bou in die geloof te bou aan ons lewens, ons verhoudinge met mense en God, huise, kerke en bowenal aan die koninkryk van God. Maar geen bouwerk kan staan as ons nie biddend bou en God se seën en leiding en genade vra nie.

**2 Bewaar vers 1b** Ons moes met omsigtheid ons lewens, ons geloof, ons verhoudinge en alles bewaar en oppas met die hulp en genade van God as ons Beskermer vgl. Ps 121. Bouwerk en stryd loop hand aan hand. Nehemia en die volk het met die troffel in die een hand en die swaard in die ander hand gebou. As ouers, onderwysers, kerkleiers en elke christen nie dapper in die geloof, biddend sy lewe en die koninkryk beskerm nie, is alles tevergeefs.

**3 Om met angstigheid te werk en op ons eie prestasies te roem. Vers 2** Hierdie vers bedoel nie dat ons nie hard moet werk nie, vgl. 2 Tes 3:6-15, “Wie nie werk nie sal nie eet nie...” Maar wat hier staan is dat ons met blymoedigheid in die geloof moet werk en werk moet nie vir ons ‘n las wees nie. Ja volgens Gen 3:17 is werk met swaarkry die gevolg van die sondeval, **MAAR** om met blymoedigheid te kan werk is ‘n verlost mens in Christus se voorreg en dankbaarheid en vreugde. Om die wil van God te doen is ons vreugde. **1 Tim 6:17** “Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.” God het Salomo Jedidja genoem wat beteken; “die Here het hom lief.” **2 Sam 12:25**. God noem ons geliefdes in die Bybel.

**4 Bewaar waaraan jy gewerk het. Vers 3-5** Dit help nie ons bou en bewaar ons huise en stede en verhoudinge as daar nie ‘n toekomstige generasie of geslag of kinders of mense is wat dit kan beërf en bewaar en verder kan bou nie. Daarom die opdrag in **Jer 29:5,6** lees: “**5** Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan, **6** trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie.” **Elke kind bring ‘n seën van sy eie voort. Elke kind is ‘n seën en genadegawe van God. Kinders is kosbaar en bring vreugde in ‘n huis.**

**Toepassing** Geliefdes hierdie inperking vanweë die virus moet nie ons toekomsvisie verdof of vertroebel nie. Biddend moet ons ook deur hierdie inperking en krisis gaan. God is in beheer. God sal as dit in sy Raadsplan so bestem is, weer aan ons die krag en genade gee om die toekoms te bou en te herbou soos wat Nehemia en die volk gedoen het. Ons moet biddend ons hand aan die ploeg slaan en steeds hard werk en bid en vir die Here leef. Hy sal seën op ons arbeid bring. Hy sal en het ons toekoms in sy hande. Daar is vreugde en sal weer al meer vreugde in ons lewens wees. Want as hierdie aardse lewe verby is, is daar vir ons ‘n ewige vreugde by God, waar ons enigste werk sal wees om heeldag God te loof en te prys tot in ewigheid.

**AMEN**

(Ds. Gerrit Kruger Gereformeerde kerk Centurion. Sel 082 964 5595)

## **Gebed**

Onse Vader wat in die hemele is. Gee dat ons steeds met ‘n toekomsvisie sal lewe en met vreugde elke dag sal opstaan. Gee dat ons nie sal vergeet nie dat ons op aarde geplaas is om U te loof en te prys en om elke dag te werk. Seën elkeen wat bevorreg is om met hulle werk voort te gaan al is dit van die huis af. Seën elke gesin. Versterk almal wat in hierdie tyd nie kan werk nie, wat nie salarissee verdien nie, wat nie geld het om van te leef nie. Gee dat ons sal help waar ons kan en soos U ook vir ons die geleenthede gee. Ons bid dit in die Naam van Jesus Christus alleen.

**AMEN**